KABV

maskew miller learning



GRAAD 3 KERNLEESBOEK

# Platinum

## Afrikaans Huistaal

Henriëtte Louw • Marietjie van den Heever

EXTRACT PAGES

EXTRACT PAGES

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer wor[illegible] inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige m[illegible]er, [illegible] elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, [illegible]nd[illegible] vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie [illegible]ek [illegible] produseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 of per e-p[illegible] rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerappo[illegible] word deur 'n e-pos aan copyright@mml.co.za te stuur.

Eerste uitgawe 2025

ISBN: 9781834954769
ePDF-ISBN: 9781834979960

Uitgewer: Ruchelle Lombard
Redakteur: Hennely Nel
Redigering: Karien Slabbert, Ulla Sc[illegible]n Marietjie van den Heever
Omslagontwerp: MML Visu[illegible]n en Wouter Reinders
Omslagillustrasie: MML
Boekontwerp: MML V[illegible] Des[illegible]n
Illustrasies: MML, [illegible], Lein Smuts, Zoe du Toit, Valentino Pietersen, Chaise Frederick, Gerd[illegible]mit, [illegible]arisa du Toit, Sinead Quieroz en Marc Brynard
Setwerk: The [illegible] Agency
Gedruk de[illegible]r [ ]

Erken[illegible]
Di[illegible] skryw[illegible] en uitgewer bedank graag die volgende persone en instansies vir die [illegible]eb[illegible]ik va[illegible] foto's:
[illegible]mon McDonnell/NSRI; bl.32a, JC Roos/NSRI, bl. 32b, NSRI; bl. 33, Spencer Old[illegible]m/NSRI

EXTRACT PAGES

EXTRACT PAGES

# Inhoudsopgawe


**Klankleerkaart** ........................ vii

**Tema 1** Hier is ek
**Corli hou van** *(storie)*.................... 1

**Tema 2** Gevoelens
**Bandile se gelukkigste dag** *(storie)*...................................5

**Tema 3** Regte en verantwoordelikhede by die huis
**Anja help graag** *(instruksies)* .......9

**Tema 4** Hou my liggaam veilig
**Dit is mý lyfie** *(storie en rympie)* 14

**Tema 5** Die omgewing
**Kos vir die grond** *(storie)*...............18

**Tema 6** Red die planeet
**Klimaatsoldaat op twaalf** *(onderhoud)*.................................22

**Tema 7** Land en Lug
**Die lugballon** *(sprokie)* ..............26

**Tema 8** Openbare veiligheid
**Gered uit die see** *(koerantberig)* 31

**Tema 9** So leef ons
**Ontmoeting in 'n ekovriendelike huis** *(storie)*...................................35

**Tema 10** Gesonde eetgewoontes
**Wat is in jou kosblik?** *(grafiek en tabel)*....................................40

**Tema 11** Toe en nou
**Ouma Toekie se tjor** *(storie en rympie)* ....................................46

**Tema 12** Tradisies en kultuur
**Anders, maar eenders** *(inligtingsteks)*...................................51

**Tema 13** Kommunikasie
**Met baie liefde x** *(informele brief)* ..........................................56

**Tema 14** Internet
**Gesoek: Help! Bekkie is weg** *(sosiale media-boodskappe)*........61

**Tema 15** Kuns en kodering
**Kodes en geheime** *(kaart en instruksies)* .................................67

**Tema 16** Diere wat ons help
**Die Afrika-reusebuidelrot** *(storie met inligting)*.....................72

**Tema 17** Drome en doelwitte
**Beroepsdag** *(gedig)*...................79

**Tema 18** Entrepreneurskap
**Markdag by die skool** *(resep en lysies)* .................................84

**Tema 19** Finansiële geletterdheid
**Riko die besigheidsman** *(berekeninge en advertensie)* ......89

**Tema 20** Regte en verantwoordelikhede by die skool
**Die speltoets** *(proses)* ..............94


EXTRACT PAGES

EXTRACT PAGES

# Klankleerkaart

**Teks 1: Corli hou van...**
Hersien: Dubbelklanke: aa, ee, oo, uu
Diftonge: ie, oe, ou

**Teks 2: Bandile se gelukkigste dag**
Diftonge: ooi, aai, oei, eeu
Hersien diftonge: ei, ui

**Teks 3: Anja help graag**
Woorde met twee aanvangskonsonante:
bl-, br-, dr-, dw-, fl-, fr-, gl-, gr-
Lettergrepe soos blaar - blare
Twee aanvangskonsonante:
kr-, kw-, pl-, pr-, sk-, sl-, sm-, sn-, sp-

**Teks 4: Dit is mý lyfie**
Twee aanvangskonsonante:
st-, sw-, tw-, tr-, vl-, kl-, vr-
Twee konsonante aan die einde van woorde:
-ks, -lf, -lk, -ns, -mp, -rg, -rk
Rymwoorde

**Teks 5: Kos vir die grond**
Gebruik die t- en d-slotklank korrek.
Twee konsonante aan die einde van woorde:
-rf, -rm, -rp, -rt, -ts, -lp, -ng, -nk
Twee konsonante aan die begin en einde
'n woord: swerm.

**Teks 6: Klimaatsoldaat op twa**
Twee konsonante aan die einde woord:
-ks, -lf, -lk, -ns, -mp, -rg, -rk, -rm,
-rf, -rp, -rs, -rt, -ts, -lp, -ng
Drie konsonante aan di beg van e woord:
spr-, skr-, en str-
Meervoude: verdu eling konsonant met
byvoeging van lappe, alle

**Teks 7: Die gballon**
Meervou rdubbeling van eindkonsonant
met byvoe -e, bv. drom - dromme
Me oude: anneer 'n woord 'n lang klinker
( bbe lank) het, val die een klinker weg en 'n
- b v. skaap - skape

**Teks Gered uit die see**
Meervoude: Byvoeging van -s en -e
Meervoude met -d wat klink soos -t:
hoed - hoede,
Slotklanke -t en -d

**Teks 9: Ons bly in 'n ekovriendelike huis**
Meervoude wat eindig op 'n -ae en -te
Meervoude waar die -f verander na -we

**Teks 10: Wat is in jou kosblik?**
Woorde wat eindig op -el, -er, -em,
-ike, -ig en -ige
Samestellings en woorde wat nie ge- in die
verlede tyd kry nie.

**Teks 11: Ouma Toekie se tjor**
Woorde met dubbelkonsonante in die
Woorde wat begin met v- en f-
Woorde wat eindig op -ik

**Teks 12: Anders, maar eende**
Woorde wat eindig op -i g en
Woorde met 'n kappie de en.

**Teks 13: Met baie lief**
Meervoude me elteken
Meervoude met e
Dae van di wee

**Teks G oek: Help! Bekkie is weg**
Verklein rde: Woorde met 'n kort klank
vokaal) w indig op -k, -s, -f, -g, -p,
verdubbel die konsonant + ie.
rkleinwoorde: Woorde met 'n lang klank
( belklank) en wat eindig op -k, -s, -f, -g, -p,
val een van die vokale weg + ie.

**Teks 15: Kodes en geheime**
Verkleinwoorde: Woorde met diftonge wat met
-k, -s, -f, -g, -p eindig, kry 'n -ie aan die einde.
Hersien aangeleerde klanke.

**Teks 16: Die Afrika-reusebuidelrot**
Hersien vorming van verkleinwoorde.
Verkleinwoorde wat eindig op -t kry -jie by.

**Teks 17: Beroepsdag**
Verkleinwoorde wat eindig op -d kry -jie by.
Verkleinwoorde wat -tjie aan die einde kry.

**Teks 18: Markdag by die skool**
Verkleinwoorde wat -ie bykry.
Verkleinwoorde wat eindig op -m + pie.

**Teks 19: Riko die besigheidsman**
Verkleinwoorde wat eindig op -ng, kry 'n -kie in
die verkleiningsvorm.
Kort vokaalwoorde wat eindig op -m of -n,
verdubbel die konsonant en -etjie word in die
verkleiningsvorm bygevoeg.

**Teks 20: Die speltoets**
Herken dat dieselfde klank verskillende
spellings kan hê, soos: hart/hard; lei/ly.
Hersiening en vaslegging.

EXTRACT PAGES

EXTRACT PAGES

# Corli hou van …

## Preleesvrae:

1. Hoekom is daar drie kolletjies na die titel?
2. Wie is die hoofkarakter in die storie?
3. Dagdroom jy ook soms? Waarvan?
4. Noem drie dinge waarvan jy hou.

Corli lê op haar rug op die gras. Sy kyk na die wolke bo haar kop. Die een lyk soos 'n boot wat op die see dryf. Party lyk baie kwaad en blaas hulle wange op.

Corli raak vaak. Haar oë val toe en sy raak aan die slaap.

Corli skrik. Twee yskoue hande is besig om haar op te tel. Hy lig haar oor die huis se muur. Dit is [illegible] Wollie, my hanslam, dink sy. Hoekom het hy vlerke? En waar kom die reënboog skielik vandaan?



**Sê die klanke:**

aa, ee, oo, uu

**Sê die woorde:**

kwaad, see, boot, muur

**Woordbou:**

Vervang die **dubbelklank** in hierdie woorde met 'n ander dubbelklank (**aa**, **ee**, **oo**, **uu**) om te sien of dit bekende woorde maak:
haar, oor, muur, veer
Maak sinne met die nuwe woorde.

**Woordeskat: hanslam** - 'n lammetjie wat nie aan sy ma drink nie, maar uit 'n bottel

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Wollie vlieg deur die lug met Corli. Om hulle dryf sagte, wit wolke. Dit lyk soos skapies, dink Corli, en probeer om aan een te raak. Iets stamp teen haar. Corli begin te val. Sy dryf soos 'n veer in die lug en sak al hoe laer af.

Die gras kielie haar neus en sy nies haarself wakker.

**Soek en sê die woorde:**

Soek die woorde in die teks:
**vlieg, iets, kielie, nies**
Maak nog woorde met die ie-klank. Skryf dit in jou werkboek neer.

**Klap en sê:**

kie-lie

**Sê die klanke:**

ie



**Woordeskat:** Watter woord in die teks kan met **sweef** vervang word?



EXTRACT PAGES

Wollie hop op en af op die gras naby haar. Waar is al die ander skape? wonder Corli. Wollie begin aan die soet gras te vreet. In die hoek van die tuin hang die reënboog nog in die lug.

Toe sien Corli ’n donker wolk bo haar kop. Sy voel hoe ’n druppel op haar neus val.

**Sê die klank:**

ou

**Klank en sê die woorde:**

s-oe-t, h-oe-k, v-oe-l.
Vervang die **konsonante** om nog sulke woorde te maak.

**Woordeskat: wonder** - dink oor iets, is onseker van iets

"Wat het van al die wit skapies geword?" vra Corli.
Pappa lag. "Jou ou dagdromer," sê Pappa. "Kom ek leer jou van al die soorte wolke," sê hy.
"Ek hou van spierwit wolke en blou lug," sê Corli.

**Klank die woorde:**

j-ou, h-ou, bl-ou.
Kyk na die **konsonante** in die alfabet. Hoeveel kan jy saam met ou gebruik om drie- en vierletterwoorde te bou?



**Postleesvrae:**

1. Hoekom loop Corli met krukke?
2. Dink jy sy het regtig tussen die wolke gevlieg?
3. Wat is 'n hanslam?
4. Wat, dink jy, gaan gebeur as daar donker wolke in die lug is?

EXTRACT PAGES

# Bandile se gelukkigste dag

**Preleesvrae:**

1. Hoe voel jy vandag?
2. Hoe kan 'n mens sien of iemand gelukkig is?

"Kom, Bandile, ons gaan laat wees." Mandla lui sy rooi fietsklokkie by die voordeur.

"Ek kom!" roep Bandile. Hy gooi sy rugsak in die mandjie van die fiets en begin saam draf.

Hulle vorder mooi tot by die vlei op pad skool toe. Daar ruil hulle plekke en Bandile trap verder.



**Sê die klanke:**

Diftonge met twee vokale: **ui**, **eu**, **ei**.
Diftonge met drie vokale: **ooi**, **aai**, **oei**, **eeu**.
Soek woorde met hierdie klanke in die teks:
ooi, aai, oei, eeu

**Klap en sê:**

fiets-klok-kie
fiets + klokkie = fietsklokkie.
Watter ander **samestellings** kan jy met klokkie maak?

EXTRACT PAGES

"Ons sal vir jou 'n fiets moet kry," sê Mandla. "Ons moet sorg dat ons die kompetisie wen. Ons sal baie papier en plastiek bymekaar moet maak om die prys te wen."

"Met daardie geld sal ek vir my 'n ou fiets by die fietswinkel kan koop," sê Bandile.

"Ons moet teen die treinspoor gaan soek," sê Mandla. "Die mense gooi graag bottels en papiere by die vensters uit." Hulle stoei die laaste bult uit. Albei seuns kreun en steun tot bo.

**Woordbou:**

Gebruik woorde uit die teks en maak woordfamilies met die **ei**, **eu** en **ou**-klanke. Voeg twee woorde van jou eie by om by hierdie woorde te pas: **rooi**, **raai**, **spreeu**, **stoei**

**Sê die woord:**

stoei



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Elke middag maak Mandla en Bandile rommel bymekaar. Hulle dra elke dag twee sakke skool toe sodat Meneer dit kan weeg.

Hy skryf dit dan op by Bandile se naam. Môre is die laaste dag.

Die seuns neem die laaste twee sakke rommel skool toe. Dit klink soos spreeus in 'n boom toe hulle daar kom. Al die kinders praat gelyk.

**Klank die woord:**

spr-eeu-s

Na pouse kom staan meneer Dladla met 'n briefie voor die rye.

"Raai wat, kinders! Die een wat wen, kry nie meer geld nie, maar 'n geskenk."

Bandile lyk sommer moedeloos. "Aai tog, dit was alles verniet," kla hy by Mandla.

"Die wenner is ... Bandile Sithole!" kondig Meneer Dladla aan.

Meneer Banda kom uit die pakkamer gestap met 'n splinternuwe, blinkrooi fiets! Bandile lag, maar sy trane loop. "Dit is my gelukkigste dag ooit!" sê hy en klim op die fiets.



**Post-leesvrae:**

1. Hoekom het Bandile en Mandla plekke omgeruil op pad skool toe?
2. Waarvoor het hulle plastiek en papiere bymekaargemaak?
3. Waarna verwys Bandile toe hy sê: "Dit was alles verniet ..."?
4. Dink jy Bandile was bly oor die fiets? Hoekom sê jy so?

EXTRACT PAGES

# Anja help graag

## Preleesvrae:

1. Waarmee, dink jy, help Anja graag?
2. Waarmee help jy by die huis?
3. Is dit goed dat elkeen in die gesin takies verrig?

Mamma is vir 'n week weg om meer van blomme te leer. Anja probeer om die briefie te lees wat haar mamma vir haar geskryf het.

Maandag
1. Help onthou vir Pappa om krag te koop.
2. Sit die sleutel uit vir tannie S[illegible]e.
3. Onthou om elke dag jou bed op te maak.

Anja sit die sleutel in die braaiplek en gaan soek vir Pappa.

"Kyk wat het Mamma vir my op die bord gelos," sê sy en draai die nota om sodat haar pa kan lees.




### [illegible]:

Soek in die teks en skryf in jou werkboek al die woorde wat met **twee konsonante** begin, soos **bl**omme, **br**aai, **kr**ag, **gr**oen, ens.
Voeg woorde by jou lysie soos wat jy verder lees.




EXTRACT PAGES

Anja word die volgende oggend vroeg wakker.
'n Janpierewiet fluit in die tuin. Sy glip haar pantoffels aan en gaan kyk op die bord vir Dinsdag se briefie.

> Dinsdag
> 1. Haal 'n brood en die groen bak uit die vrieskas ui…
> 2. Jy kan jou pragtige blou rok vir die partytjie aant…

Skielik onthou Anja. Fransie, haar beste …at, word vandag nege. Haar partytjie is vanmiddag na sp…t.






**Woordbou:**

vries + kas = vrieskas
Maak nog samestellings met **vries** + **?** en **?** + **kas**

**Breek die woorde in lettergrepe op:**



Jan-pie-re-wiet
vol-gen-de
pan-tof-fels

**Woordeskat: pantoffels** – skoene wat mens in die huis saam met jou pajamas dra



EXTRACT PAGES

“Dit is al Woensdag,” sê Anja vir haar pappa in die kombuis. “Ek wonder wat ek vandag moet doen?” Sy gaan haal die dag se briefie op dieselfde plek.

Woensdag
1. Onthou om vir Ore kos te gee en smeer salf aan Krekkie se snawel.
2. Gooi asseblief die plante in die kombuis nat.

“Waar dwaal jy so vroeg met ’n briefie rond?” vra Pappa die volgende dag vir Anja.
“Ons moet die drom buite gaan sit voor die vullislorrie kom, Pappa,” antwoord sy.

Donderdag
1. Pappa moet onthou om die vuilgoeddrom uit te sit.
2. Gooi die tuin nat.
3. Bel vir ouma Tiena.

**Klap en sê:**
die-self-de,
as-se-blief.
Hoeveel woorde tel jy in:
vuilgoeddrom?



EXTRACT PAGES

Anja begin nou wens haar mamma wil terugkom. Dis Vrydag. Anja spring vroeg uit die bed uit vir die laaste brief.

Vrydag
1. Was die skottelgoed.
2. Gaan kyk in die boonste laai van my spieëlkas.
   Dankie dat jy so mooi in die huis gehelp het.

Sy gaan wys vir Pappa die briefie.
“Waarvoor wag jy?” vra Pappa laggend. “Gaan kyk gou wat is in die spieëlkas!”
Anja hardloop opgewonde terug na Pappa en sê: “Pappa, kyk, my eie tablet!”



**Sê die woorde:**
spieëlkas

**Woordeskat: tablet** – ’n elektroniese toestel – (groter as ’n foon, maar kleiner as ’n skootrekenaar)

EXTRACT PAGES

**Woordeskat**

Voltooi die tabel met nog drie woorde wat dieselfde beginklanke het:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **bl-** | **bl**om | __us | ___k | ___f |
| **br-** | **br**aaiplek | __om | ___g | ___a |
| **dr-** | **dr**om | __af | ____d | ____k |
| **dw-** | **dw**aal | ___rs | ____p | ____s |
| **fl-** | **fl**uit | __uks | ____k | ______r |
| **sp-** | **sp**ieëlkas | __ot | ___t | ____l |

EXTRACT PAGES

**Postleesvrae:**

1. Waar is Anja se mamma?
2. Watter soort troeteldiere het Anja?
3. Hoe het Anja geweet wat om elke dag te doen?
4. Wat laat jou dink dat Anja se mamma bly was dat sy gehelp het?
5. Watter dag het Anja:
   a. ’n partytjie bygewoon?
   b. salf aan Kwekkie se snawel gesmeer?
   c. die skottelgoed gewas?
   d. die laaste briefie afgehaal?
6. Waarop sal Anja se mamma in die toekoms vir haar notas los? Hoekom dink jy so?

# Dit is mý lyfie

**Preleesvrae:**

1. Vir wie sal jy sê as jy bang is iemand maak jou seer?
2. Wie hou jou lyfie veilig?
3. Wat voorspel jy is die hoofgedagte van hierdie teks?

Kadoef! Klap die deur en Jordan storm met lang treë by die voordeur in.

“Liewe land,” sê Mamma, “jy klink soos ’n orkaan. Wat is fout?”

“Ek hou nie daarvan om vreemde mense te soen nie,” sê Jordan en vee sy mond af. “Twee tannies het saam Joshua se ma kom kuier, toe hardloop ek sommer weg.”

“Jy hoef niemand te soen as jy nie wil nie,” paai Mamma.

**Sê die klanke:**

st, tr, kl, tw, sw






**Woordbou:**

Kyk na die woord **storm**. Dit begin en eindig met twee konsonante **st**-o-**rm**.
Soek vir nog so ’n woord in die teks.

EXTRACT PAGES

“Dit is goed dat jy vir my kom sê het, Jordan,” sê Mamma. “Kies vir jou ’n supersirkel van vier of vyf mense vir wie jy kan vertrou.”

“Dan kies ek vir Mamma, Pappa, Ouma, Oupa en juffrou Arendse!” antwoord Jordan.

“Maar jy mag ook ander grootmense kies wat jy daar wil hê. Vertel hulle dadelik as jy oor iets ongemaklik voel,” sê Mamma.

“Hoe weet ’n mens jy voel ongemaklik?” vra Jordan.



**Klap en sê:**
on-ge-mak-lik

EXTRACT PAGES

“Jou hart begin vinniger klop, jy voel naar of jy begin sweet. Dit is so ’n bang gevoel waarmee jou lyfie vir jou waarsku. Wanneer jy so voel, moet jy nee sê en vir iemand in jou supersirkel vertel,” sê Mamma.

“Ek is die baas en ek kan sê wat ander met my lyfie doen,” sê Jordan en stamp sy voet.

“Iemand kan dalk iets doen wat jou laat sleg voel en sê: ‘Dis ons geheim’. Dan sê jy met ’n harde stem: ‘Nee, ek hou nie van geheime nie!’”

Ander mense mag ook nie aan die dele van jou lyfie vat wat onder jou swembroek is nie.”



EXTRACT PAGES

**Sê die woorde:**

koel, bedoel, voel



**Woordeskat: geheim** - iets wat jy nie oorvertel nie

"Mag ek nou maar 'n drukkie kry?" vra Mamma.
"Nou gaan ek vir jou 'n rympie leer wat jy altyd moet onthou."

**Klap en sê:** 

druk-kie

*Ek maak 'n groot geraas.*
*Ek is my lyf se baas.*
*My stem kan jy nie keer,*
*as ek vir jou wil leer.*
*Vlieg jy maar na die maan.*
*My supersirkel sal verstaan.*




**Woordbou:**

Skryf die **rympare** in die rympie neer en maak nog twee rymwoorde met die **ee**-klank.



**Postleesvrae:**

1. Hoe weet jy Jordan was kwaad toe hy by die huis kom?
2. Hoekom was Jordan kwaad?
3. Wat is die supersirkel in die storie?
4. Verduidelik wat dit beteken as Jordan sê: "Ek is my lyf se baas"?
5. Dink jy Jordan se mamma is in sy supersirkel? Hoekom sê jy so?

EXTRACT PAGES

# Kos vir die grond

**Preleesvrae:**

1. Wat beteken dit om iets te bewaar?
2. Kan 'n mens die aarde bewaar?

"Het jy lekker by Oupa gekuier so tussen die beesmis?" vra Mamma en vou vir Sallie in haar arms toe.

"Dit was baie lekker en Oupa het vir my 'n klomp goed geleer. Ek gaan eendag net so fluks boer soos oupa Salmon," sê Sallie met blink oë.

"Ek het nooit eens beesmis geruik nie. Net as ek in die stalle by die beeste staan. Hulle werk so mooi met die beeste."



**Sê die klanke:**

kl, fl, bl

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Sallie gaan haal sy plaasdiere by die speelgoed in sy kamer. Hy wil sommer dadelik sy eie melkery begin.
Toe Mamma later vir hom koeldrank neem, is hy al besig om te boer.

"Oupa sê ons moenie die aarde net vir kos en geld gebruik nie. Oupa het 'n goeie plan gemaak om die koeimis weer te gebruik. Wanneer die koeie gemelk word, staan almal so dat hul mis op die sement in die middel val," verduidelik Sallie.

**Woordeskat: melkery** – 'n plek waar melk, botter en kaas verkoop word

“’n Skraper tel die mis in die stal op en vat dit na die misdam toe.” Sallie wys vir Mamma die dam wat hy gemaak het.

“Wat maak Oupa met ’n dam vol beesmis?” vra sy.

“Hy gooi water in die dam om die mis dunner te maak. Daarna sit hy ’n dik pyp se punt in die dam.

Ek en Oupa ry dan oor die landery met die groot trekker. Ons sleep die pyp agter ons aan en spuitpunte spuit die miswater in die grond.”

“Dan is die hele plaas en damme én paaie vol mis,” sê Mamma.

“Nooit,” sê Sallie. “Oupa spuit net genoeg sodat daar nie mis in die drinkwater kom nie. Beesmis kom net van diere af en is goed vir die grond.”

**Klap en sê:**

dun - ner



**Sê en luister:**

groot, grond. Klink die **eindklanke** eenders of anders?

EXTRACT PAGES



**Woordeskat: landery** – ’n stuk grond waarop gewasse soos graan of mielies geplant word

“Dit klink vir my jy weet al klaar genoeg om te begin boer,” sê Mamma.

“Oupa sê, as jy mooi na die omgewing kyk, kyk dit mooi na jou. Ek gaan ook beesmis hier op my plaas se grond spuit,” sê Sallie.

“Hoe gaan jy dit regkry sonder Oupa se trekker en spuit?” vra Mamma.

“Ek het gedink ek kan die spuit leen waarmee Mamma koeke versier,” sê Sallie ewe trots op sy plan.

Mamma kyk geskok na Sallie.



**Sê die woorde:**

klink, grond, trots, omgewing

**Postleesvrae:**

1. Waarmee boer Sallie se oupa?
2. Hoekom, dink jy, is die seun se naam Sallie?
3. Hoekom hou sy oupa die beesmis?
4. Hoe is Oupa se plan met die beesmis goed vir die omgewing?
5. Wat, dink jy, sal Sallie eendag wil word?

EXTRACT PAGES

# 'n Klimaatsoldaat op twaalf

## Preleesvrae:

1. Noem 'n paar dinge wat mense doen wat die lug besoedel.
2. Waar, dink jy, werk 'n joernalis?
3. Wat is die atmosfeer?
4. Is weer en klimaat dieselfde ding?






**Woordbou:**

Kyk na die **konsonante** waarmee hierdie woorde begin en eindig:
**ky**ke**rs**, **skr**i**k**, **proj**e**k**, **dw**aa**l**, **sp**e**k**, **pl**a**nt**
Klank die woorde hardop uit.

EXTRACT PAGES

**Joernalis:** Goeienaand, kykers. Ek voer vandag 'n onderhoud met Wadima Patel, 'n meisie wat nie skrik vir groot projekte nie! Vertel ons meer van jou projek, Wadima.

**Wadima:** Sekerlik! Ons is besig om 'n dwaaltuin uit te lê waarin ons spekbome gaan plant.



**Woordeskat: onderhoud** – kry inligting deur 'n reeks vrae aan iemand te stel



**Sê die woord:**
dwaaltuin,
spekbome

EXTRACT PAGES

**Joernalis:** As jy sê ons, van wie praat jy?
**Wadima:** Wel, ek het 'n jaar gelede 'n klimaatklub by die skool gestig. Ons klub het nou al 54 lede.
**Joernalis:** Wat is julle doel met die klub?
**Wadima:** Ons doel is om die aarde 'n skoner en gesonder plek te maak.
**Joernalis:** Hoekom plant julle juis spekbome?
**Wadima:** Spekbome slurp skadelike gasse uit die atmosfeer op en gee suurstof terug. Spekbome groei ook baie vinnig. Dit sal gou 'n dik heining word. Dit het ook baie min water nodig.
**Joernalis:** Het die dwaaltuin dalk 'n spesiale betekenis?

**Woordeskat: joernalis** – iemand wat nuus ondersoek en by 'n koerant of TV-stasie werk

**Wadima:** Ja, dit is nie maklik om die regte pad te vind nie. Partykeer moet jy omdraai of weer begin. Ons hoop dat mense sal nadink oor die natuur en hoe hulle die aarde se hulpbronne gebruik wanneer hulle die pad na die middel van die dwaaltuin probeer vind.

**Joernalis:** Waar is hierdie dwaaltuin?

**Wadima:** Dit is net agter die skool op 'n stuk grond wat mense eers as 'n vullishoop gebruik het.

**Joernalis:** Is dit nie gevaarlik om daar te werk nie?

**Wadima:** Dit was, maar een van die ouers het met skrapers en laaigrawe al die rommel en groot klippe weggery. Die eienaar het die grond aan die skool geskenk.

**Joernalis:** Het julle darem genoeg spekbome?

**Klap en sê:** 

klip-pe



**Woordbou**

**Meervoude:**
Wanneer 'n woord op 'n kort vokaal en een konsonant eindig, verdubbel die konsonant as ons -e vir meervoud byvoeg:
**klip - klippe,**
**gas - gasse**



EXTRACT PAGES



**Woordeskat: nadink** – deeglik oor 'n saak dink

**Wadima:** Nog niks! Ons wil die gemeenskap en elke skoolkind vra om elkeen ’n steggie te bring en in die dwaaltuin te kom plant.

**Joernalis:** Wadima, jy is ’n ware voorbeeld van iemand wat nie bang is om hard vir ons omgewing te werk nie. Voorspoed met julle projek!

**Wadima:** Dankie, ons klub wil ook graag elkeen wat ons met hierdie projek help, bedank. Dit maak my hart lekker warm!




**Sê die klanke:**

ng, nk

**Sê die woorde:**

bri**ng**, beda**nk**

## Postleesvrae:

1. Wat noem ons hierdie tipe teks?
2. Gee redes waarom die klub gekies het om net spekbome te plant.
3. Hoe loop ’n mens in ’n dwaaltuin?
4. Hoekom noem die titel vir Wadima ’n “klimaatsoldaat”?
5. Dink jy elke skool moet ’n klimaatklub hê? Gee ’n rede vir jou antwoord.

**Woordeskat: steggie** – ’n stukkie van ’n plant waaruit ’n nuwe plant kan groei



EXTRACT PAGES